Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprysing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, Die Gesalfde Een, die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 9: *Vayeshev* – En Hy Het Gewoon

Ya'akov het gebly in die land waar sy vader 'n besoeker was, in die land Kena'an. Gen. 37:1[1]

Torah : Gen. 37:1 tot 40:23

Haftorah: Amos 2:6-3:8.

Nuwe Verbond: Hand. 7:9 tot 16; Matt. 22:37 tot 40; Joh. 13:34

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige jare se notas vir Parashah 9 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

For many centuries it was traditional for Christians to think of Law and Grace in opposing terms. However, the opposite of Grace was never Law, but disgrace. Just as the opposite of Law was never grace, but lawlessness. – Israel Bible Centre.

Too many Christians have a commitment of convenience. They'll stay faithful as long as it's safe and doesn't involve risk, rejection, or criticism. Instead of standing alone in the face of challenge or temptation, they check to see which way their friends are going. – Charles Stanley.

Temptation is the devil looking through the keyhole. Yielding is opening the door and inviting him in. – Billy Sunday.

Torah Bespreking

Hersiening

In verlede week se Torahskriflesing was een van die hoogtepunte Ya'akov se deurnag worsteling met 'n Man – 'n naamsveranderende ontmoeting met יהוה! Hy sou voortaan

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Yisra'el genoem word! Ya'akov se twaalf seuns en hulle nageslag sou ook bekend staan as Yisra'el, יהוה se volk.

Yisra'el beteken "hulle oor wie Hy heers", en is saamgestel uit *Yisra'* wat beteken: "hy sal heers" en uit *El* wat beteken: "Magtige God". Die volk Yisra'el sal dus ook ewiglik húlle wees waaroor יהוה heers – Sy uitverkore volk!

Ya'akov moes volgens die belofte teruggaan na die woonplek van sy Vader, naamlik na Kena'an. Maar hy moes eers in konfrontasie met sy verlede kom, naamlik om vir Esav vergifnis te vra en restitusie te doen alvorens hy kon terugkeer na die Beloofde Land! Ya'akov se verlede het verhinder dat hy in vrede na Kena'an kon terugkeer. Daar moes eers versoening tussen Hom en Esav bewerkstellig word – versoening wat slegs moontlik is deur vergifnis! Alleenlik dan kon Ya'akov die voortsetting wees van die vervulling van die beloftes soos יהוה dit aan Avraham en Yitz'gak gemaak het. Sy verlede moes nie 'n binding en hindernis in sy toekoms wees nie!

Ya'akov se Nageslag

Tot op hede was die fokus van die Torahskriflesings hoofsaaklik op die individuele lewe van ons geestelike voorvaders, naamlik van Adam, Noach, Avraham, Yitz'gak en Ya'akov.

Hierdie week verskuif die fokus egter na die leiers van die twaalf stamme, naamlik die seuns van Ya'akov, en die begin van die volk Yisra'el wat uiteindelik יהוה se koninklike priesterdom sal word!!

Ons maak ook nader kennis met Yosef wat, ten spyte van teëspoed, geleef het op 'n wyse dat almal kon sien dat יהוה met hom was!! God het by Yosef in Egipte Sy woning gemaak! Wat 'n getuienis en voorbeeld vir ons!!

Dit moet ons herinner aan Yeshua se belofte in Joh. 14:23:

> Yeshua antwoord en sê vir hom: "As iemand My liefhet, sal hy My boodskap gehoorsaam en My Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom blyplek maak.

Indien יהוה en Yeshua by jou en my kom blyplek maak, sal satan en sy bose magte vlug!! Maar dit vereis vertroue in God en getrouheid aan Vader se Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is!

Hierdie week se Torahskriflesing is ook die begin van die geskiedenis van Yisra'el wat gaan eindig waar Ya'akov en sy nageslag hulle in Egipte gaan vestig – *'tydelik'* vir 430 jaar (Ex. 12:40)[2]. Yosef is die sleutel wat hierdie drama gaan oopsluit. Hy gaan die sleutelrol vervul in יהוה se uiteindelike vervulling van die belofte van die Beloofde Land en hy is die sinnebeeld van Yeshua wat die sleutelrol speel in יהוה se plan van versoening tussen God en die mensdom en die uiteindelik herstel van Yisra'el!

Stefanos som die geskiedenis van Yosef in Hand. 7:9-16 kortliks soos volg op:

[2] Volgens sommige bronne (https://www.youtube.com/watch?v=FF0F8YjT1og) was Yisra'el nie vir 430 jaar in Egipte nie, maar slegs vir sowat 215 jaar. Hiervolgens verwys die 430 jaar na die tydperk vanaf die belofte aan Avraham tot by Yisra'el se aankoms by Sinai. Daarom lees Ex. 12:40 in die Septuagint soos volg: Die tyd wat die seuns van Yisra'el in Mitzrayim en Kena'an gebly het, was vier honderd en dertig jaar. Maar die Yisra'eliete was nie van die begin af slawe nie, maar slegs vir sowat 112 jaar.

9 Hulle, ons vaders, was jaloers op Yosef en het hom na Mitzrayim toe verkoop, maar God was met hom
10 en het hom uit al sy moeilikhede verlos en hom onverdiende guns en wysheid gegee voor Farao, die koning van Mitzrayim en dié het hom aangestel as hoof administrateur oor Mitzrayim en oor sy hele huis.
11 Daar het ’n hongersnood en groot benoudheid oor die hele Mitzrayim en Kena’an gekom en daar was niks om ons vaders te versadig nie
12 maar toe Ya’akov hoor dat daar graan in Mitzrayim was, het hy ons vaders eerste uitgestuur
13 en die tweede keer het Yosef hom aan sy broers bekendgemaak en Yosef se familie het aan Farao bekend geword.
14 Toe het Yosef gestuur en sy vader Ya’akov en sy hele familie laat roep, vyf en sewentig mense.
15 Ya’akov het afgegaan na Mitzrayim en is daar dood, hy en ons vaders
16 en hy is oorgeplaas na Sh’khem en begrawe in die graf wat Avraham met silwer gekoop het van die seuns van Hamor.

Alles wat יהוה gespreek het, sal Hy doen, want God is nie ‘n mens dat Hy sal lieg nie (Num. 23:19; Titus 1:2). Die wyse wat יהוה egter Sy planne uitvoer is dikwels vir die mens onbekend en, soos in Yosef se se geval, kan dit eerder na aanvanklike teëspoed lyk!

In hierdie week se Torahskriflesing sien ons ook die begin van gebeure wat uiteindelik die verdeling van Yisra’el in twee huise tot gevolg sal hê. Die nageslag van Yosef en Y’hudah (Juda) sal uiteindelik hierdie twee huise van Yisra’el vorm!

Yosef, Man van Goeie Werke en Integriteit

Soos reeds genoem het Yosef as slaaf in Mitzrayim geleef op ‘n wyse dat Potifar, die bevelvoerder van die lyfwag van Farao, kon sien dat יהוה met hom was!! Wat ‘n getuienis en voorbeeld van ons geestelike voorvader!!

3 Toe sy meester sien dat יהוה met hom was en dat יהוה alles wat hy doen, in sy hand voorspoedig maak,
4 het Yosef guns in sy oë gevind en hom gedien. Hy het hom aangestel oor sy hele huis en alles wat in sy besit was, aan sy hand toevertrou.
5 Vandat hy hom aangestel het oor sy huis en oor alles wat in sy besit was, het dit gebeur dat יהוה die huis van die Mitzrayimiet geseën het ter wille van Yosef; die seën van יהוה was op alles wat syne was, in die huis en op die veld. Gen. 39:3-5.

Yosef het nie sy lot by God bekla nie en hy het geen bitterheid en onvergifnis gehad teenoor sy broers wat hom aan slawehandelaars verkoop het nie! Nee, Yosef het nie toegelaat dat sy omstandighede sy lewe dikteer nie. Sy ingesteldheid was nie selfbejammering nie, maar om in sy omstandighede alles te doen asof hy dit vir God doen!

> Alles wat julle doen in woord of in daad, doen dit in die Karakter en Outoriteit van ons Meester Yeshua, Die Gesalfde Een en gee dank aan God-die-Vader deur Hom. Kol. 3:17

Daarom was Yosef se goeie werke en integriteit sodanig dat selfs die ongelowiges, die wat יהוה-God nie geken het nie, kon sien dat Yosef se God met hom was. Selfs Potifar se huishouding was geseën terwille van Yosef!

Hiervolgens is dit duidelik dat Yosef nie net geglo het in יהוה nie, maar dat hy ook in alles aan God gehoorsaam was, net soos sy voorvader Avraham (Gen. 26:4 en 5). Yosef het ‘n onwankelbare vertroue in God se getrouheid gehad. Hy was deurgaans ‘n man van goeie werke en van integriteit!!

Dit herinner ons aan Yeshua se woorde in Matt. 5:16.

> Laat julle lig op dieselfde manier skyn voor mense sodat hulle die goeie dinge wat julle doen, kan sien en julle Vader wat in die hemel is eer, lof en aanbidding bring.

Bepeins of Bespreek

1. Die vrug (resultaat) van ons lewe en leefwyse is ‘n kragtiger getuienis as ons woorde. Dikwels wil mense nie hoor wat ons sê nie, maar wil sien en beleef wie en wat ons is! Daarom het iemand by geleentheid gesê: “Gaan en verkondig die Evangelie en waar dit nodig is, gebruik woorde!”

Voorspoed te midde van teëspoed

Volgens die hedendaagse Christenleerstelling van voorspoed het Yosef as jongman nie voorspoed geken nie, want hy is deur sy afgunstige broers aan Midyanitiese handelaars verkoop en hy het in ‘n vreemde land in die huis van Potifar beland. En tog lees ons dat in die huis van Potifar was יהוה met Yosef sodat hy ‘n voorspoedige man was tot so ‘n mate dat Potifar hom as hoof van sy huishouding en oor alles wat hy besit aangestel het (Gen. 39:2-4). Op onregverdige wyse is Yosef egter deur Potifar se vrou valslik beskuldig dat hy teen haar sin met haar gemeenskap gehad het (Gen. 39:14). Weens valse beskuldigings het Yosef toe in die gevangenis beland, maar ons lees:

> **21** יהוה was egter by Yosef en Hy het met omgee na hom toe afgebuk en hom guns gegee in die oë van die bevelvoerder van die tronk.
> **22** Die bevelvoerder van die tronk het almal wat in die gevangenis opgesluit was in Yosef se hand oorgegee en alles wat hulle daar gedoen het, was sy werk.
> **23** Die bevelvoerder van die tronk het glad nie toesig gehou oor iets wat aan hom toevertrou is nie omdat יהוה met hom was en wat hy ook al doen, het יהוה voorspoedig gemaak. Gen. 39:21- 23

Ten spyte van Yosef se voorbeeld van getrouheid en integriteit, asook sy goeie werke in die gevangenis, is hy deur die voorman van die skinkers vergeet, en dit nadat Yosef hom gevra het:

> **14** Onthou my egter wanneer dit met jou goed gaan en bewys my asseblief ’n guns en praat van my by Farao en bring my uit hierdie huis uit,
> **15** want waarlik, ek is gesteel uit die land van die Hebreërs en ek het hier ook niks gedoen waarvoor hulle my in die tronk gesit het nie.” Gen. 40:14-15.

Is Yosef se geskiedenis as slaaf voorspoed volgens die hedendaagse maatstaf soos deur die Christendom verkondig word? Die antwoord is “nee”, want die voorspoedleer laat nie ruimte vir enige teëspoed nie. Satan en sy demone word beskuldig van enige teëspoed in die lewe van gelowiges. Hierdie siening is strydig met die Afgesonderde Skrif soos ondermeer bevestig word deur die geskiedenis van Yosef.

The early church was married to poverty, prisons and persecutions. Today, the church is married to prosperity, personality, and popularity – Leonard Ravenhill.

Hierdie deel van Yosef se geskiedenis leer ons dus om te herbesin oor ons definisie van voorspoed, asook oor die hedendaagse leerstelling van geestelike oorlogvoering.

Daar is 'n fyn lyn tussen die verwagting van voorspoed en gierigheid (hebsug). In die verband het David Wilkerson 'n groot waarheid gesê:

The greatest deception in the modern church is the matter of using God's Word to put a badge of approval on covetousness – David Wilkerson.

Voorspoed word vooraf gegaan deur die soeke na יהוה se Koninkryk en Sy onpartydige opregtheid (Matt. 6:33). Anders gestel: Voorspoed volg op die hakke van vertroue in God en gehoorsaamheid aan God se Torah!

Ons leer ook hieruit dat materiële voorspoed tydelik van aard is – dit kan in een oomblik van ons weggeneem word. Geestelike voorspoed het egter ewigheidswaarde. Dit is die skatte wat ons bymekaar moet maak en wat mot en roes nie kan verniel nie (Matt. 6:19-20).

Ons lees ook nie dat Yosef geestelike oorlogvoering gedoen het en satan beskuldig en bestraf het as die oorsaak van sy lot nie! Hy het ook nie vooropgestelde bevrydingsgebede gebid nie en hy het nie die oorsaak van sy teëspoed gaan soek by die sondes van sy voorvaders nie! Hierdie is alles moderne Christenleerstellings! Nee, Yosef het voorspoed ervaar te midde van teëspoed en sonder om geestelike oorlogvoering te doen, want hy het vertrou en was getrou aan God. Hy kon berus dat sy God in beheer was en hom nie vergeet het nie. Yosef het onwankelbaar vertrou in die beloftes van God en dat hy ook erfgenaam van Ka'anan sal wees! Daarom kon hy steeds sy vreugde in sy Skepper-God vind en in gehoorsaamheid in alles wat God beveel het.

Yosef het in elke situasie alles gedoen wat יהוה-God van hom verwag het – sonder om te murmureer!

> **14** Doen alles sonder om te kla en sonder verdeeldheid
> **15** sodat julle volmaak en onberispelik kan wees, as gereinigde kinders van God wat in 'n harde en verdraaide geslag leef, onder wie julle skyn soos ligte in die wêreld, Fil. 2:14-15

Daarom was God met Yosef en het Hy aan hom goedertierenheid (goeddoen met sagtheid) bewys ten spyte van die omstandighede waarin Yosef homself bevind het.

Bepeins of Bespreek

1. Bepeins of bespreek Joh. 10:10 in die lig van bogenoemde. Wat beteken dit dat Yeshua gekom het dat ons lewe en oorvloed kan hê? Wat is die belangrikste: Geestelike of materiële oorvloed? Wat sal jy kies indien jy slegs een van die twee kon kies?

2. Wat is die verskil tussen geestelike oorlogvoering (*spritual warfare*) en voorbidding (*inetrcession*). Het ons voorvaders voorbidding of geestelike oorlogvoering gedoen? Kan ons satan en sy magte bind of kan ons hulle net uitdrywe ('verjaag')?

3. Wat is ons doeltreffendste wapen teen satan en sy demone? Die antwoord is in Jak. 4:7. Let op die volgorde, naamlik eerstens, om jouself deur gehoorsaamheid aan God te onderwerp. Dit beteken ‘nTorahgehoorsame leefwyse! Verwys ook Joh. 14:23.

4. Is die volgende waar? Het die Christendom misluk deur ‘n rusbankgeloof te verkondig?

> Despite the thousands in our megachurches today, soaking up the warm entertainment offered to them every week, I want to put it to you that we have lost Christianity. Despite the Christian books now found in every Walmart, and the "crossover" of Christian artists into the mainstream, and our Christian mega-stores and CD´s and DVD´s and Study-Bibles, I want to put it to you that we have lost Christianity. Despite our lavish Cathedrals in the suburbs (`Charismatic or not) with their pastel hues and comfortable pews, their projector screens and $30,000 sound systems, I want to put it to you that we have utterly lost Christianity (“We´ve lost Christianity” deur Andrew Strom).

Om te vlug is beter as om weerstand te bied!

Dikwels is dit beter om van sonde weg te vlug as om weerstand te bied, veral wat seksuele sondes aan betref. En dit is dan dikwels ook beter om die gevolge van wegvlug te dra as om te gesondig het! Dit is die les wat ons leer uit Yosef se ondervinding met Potifar se vrou.

> **10** Dit het gebeur nadat sy dag ná dag met Yosef gepraat het en hy nie na haar wou luister om by haar te lê of om by haar te wees nie,
> **11** hy eendag in die huis gekom het om sy werk te doen terwyl niemand van die mans van die huis binne was nie
> **12** en sy hom aan sy kleed gegryp en gesê het: “Kom lê by my.” Hy het egter sy kleed in haar hand laat agterbly en weggevlug en na buite gegaan. Gen. 39:10-12.

Potifar se vrou het sonder om enige doekies om te draai by herhaling vir Yosef gesê om met haar gemeenskap te hou, maar hy het nie toegegee tot die versoeking nie! Tot die dag wat hulle alleen was en sy na hom gegryp het en hy van haar weggevlug het en sy kleed in haar hand agter gebly het.

Yosef het nie gebly om met haar te redeneer nie. Hy het ook nie bly weerstand bied of deur vasberadenheid nie aan die versoeking toegegee nie! Nee, hy het van die versoeking van sonde weggevlug!!

Wat die versoeking van seksuele sondes aan betref is daar altyd ‘n oormag teen jou – vra maar vir die meerderheid mans. Daarom raak jy nie in hierdie oorlog betrokke nie! Nee, jy slaan op die vlug! Jy onderhandel ook nie vir vrede nie! Sha’ul skryf in sy brief aan Timotheos:

> Vlug weg van al die begeertes van die jeug, hardloop na onpartydige opregtheid, vertroue, liefde, vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid, saam met die wat hulle beroep op ons Meester met ’n suiwer verstand, wil en emosie. 2Tim. 2:22.

Yeshua het ook gesê:

> Hoe uitermate gelukkig is dié wat rein van verstand, wil en emosie is, want hulle sal God sien. Matt. 5:8.

Bepeiens of Bespreek

1. Satan ken ons elkeen se swakpunte (swak hoedanighede) waar ons kwesbaar is en hy sal altyd op dit fokus met versoekings. Dit is van hierdie versoekings waarvan ons moet wegvlug eerder as om weerstand te probeer bied. Verwys in die verband na Jak. 1:13-15.

2. *Unless we take command over our personal battlefields we may end up captives to our own weaknesses.* Onthou wat Sha'ul ons leer, naamlik dat ons dood is vir die sonde. Verwys Rom. 6:1-6 en 11-13.

-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.